

14.4 Die neem van haar- en bloedmonsters vir DNS-toetse

14.4.1 Haarmonsters

Om DNS uit haarmonsters te verkry moet die hare haarwortels hê. Die haarwortel is die wit geswelde punt van die haar wat uitgetrek word. Die dier se stert is die maklikste en betroubaarste plek om hare te pluk wat haarwortels bevat. Dunner hare uit ander dele van die liggaam breek dikwels bokant die vel af en is dan ongeskik vir DNS-toetse.

Die prosedure:

Maak vooraf seker dat die stertkwas redelik skoon en droog is, sonder enige nat of droë mis.

- Wanneer die dier onder bedwang is en die stert vrylik hanteer kan word, neem 'n bossie hare (omtrek 30 tot 40) sowat 'n derde vanaf die punt van die stert en vou dit stewig om die wysvinger, of gebruik 'n knyptang.
- Klem die bondel styf vas met die duim en pluk dit vinnig uit.
- Die bondel kan dan geknoop of met maskeerband in plek gehou en direk in 'n skoon papierkoevert (of skoon, droë plastiese sakkie) geplaas word wat met die teler se naam, die dier se naam, rekenaar-/registrasienommer en enige ander toepaslike inligting gemerk is.
- Voltooi die DNS-aansoekvorm volledig en plaas dit saam met die haarmonster in die koevert, gereed vir versending.
- Dit is noodsaaklik om elke dier se haarmonster apart te neem en in die gemerkte koevert te verseël voor die volgende monster geneem word.

14.4.2 Bloedmonsters

- Bloedmonsters vir die bepaling van DNS-profiel moet in 'n persprop-buisie, ook bekend as 'n volbloedtellings- of EDTA-buisie, geneem word.
- Ongeveer 1 ml bloed word benodig.
- Die buisie moet baie goed geskud word nadat die monster geneem is. Merk die buisie duidelik.
- Daar is geen spesiale versendingsvereistes nie.

14.4.3 Monsters vir die 1/29-translokasie

- Chromosoomstudies word vir die identifikasie van die 1/29-translokasie vereis.
- 'n Bloedmonster in 'n groenprop- (Lithium Heparin) buis word vir kweking vereis.
- Die bloedmonster vir chromosoomkweking moenie gevries of baie warm vervoer word nie.
- Dit is noodsaaklik dat 'n monster vir chromosoomkweking so gou moontlik by die laboratorium afgelewer word.
-

14.4.4 Vervoer van monsters

- Haarmonsters kan per gesertifiseerde pos aan die laboratorium versend word.
- Bloedmonsters vir DNS profielontleding kan ook per pos versend word, maar moet baie goed verpak word sodat die buisies nie breek nie.
- Om enige moontlike probleme te vermy, kontak die betrokke laboratorium sodat die vervoer gereël en gemoniteer kan word.

Kontakbesonderhede

DNS-Laboratorium	Unistel Laboratorium	Perdenavorsingsentrum
LNR-LBA	Suite 13	Veterinêre Genetiese Laboratorium
Privaatsak X2	Privaatsak X22	Privaatsak X04
IRENE 0062	TYGERVALLEI 7536	ONDERSTEPOORT 0110

Mnr H van Zyl	Dr M Marx	Dr C Harper
T: 012-672-9257	T: 021-938-9213/4	T: 012-529-8240
F: 012-672-9214	F: 021-932-2068	F: 012-529-8310